## Die Meester in Nahim in Judea
## Die weduwee en haar uit die dood opgewekte seun getuig teenoor die volk

42 Toe die weduwee hoor dat Ek vroeg in die oggend met My leerlinge sou vertrek, sorg sy daarvoor dat daar `n **toereikende oggendmaal** betyds voorberei sou word. Toe Ons in die vroeë oggend die gastekamer uit Ons slaapvertrek binnekom, staan die oggendmaal dan ook al klaar, en die weduwee kom met haar seun na My toe en vra of Ek vóór My vertrek met My leerlinge die oggendmaal sou wil gebruik.

[2] Ek sien egter dat die tafels van die Grieke nog nie gedek was nie en sê aan die weduwee: "Kyk, ook die Grieke, wat in My gaan glo, moet nie met `n leë maag huiswaarts terugkeer nie! Dek ook vir hulle die tafel, **sodat hulle sien dat Ek nie net die Judeërs nie, maar ook die heidene die brood van die lewe gee!"**

[3] Toe die weduwee dit hoor, haas sy haar na die kombuis om ook vir die Grieke `n oggendmaal klaar te maak.

[4] Maar toe hulle in die kombuis kom, tref sy reeds `n toereikende oggendmaal aan, heeltemal voorberei, en heel verbaas vra sy haar kombuismeisies wie die tweede oggendmaal vir die Grieke in so kort tyd voorberei het.

[5] Die diensmeisies sê: "Dit weet ons nie en behalwe ons het ons ook niemand in die kombuis gesien nie; maar ons was netso verbaas soos jy toe ons dit sien, en ons was deur vrees oorval! **Die groot en magtige Profeet, wat jou seun gister tot lewe gewek het, sal dit wel deur die mag van Sy wil gedoen het!** Ja, ja, daar het onder die Judeërs `n groot profeet opgestaan en in Hom het Elohim Sy volk, wat Hom sterk begin te vergeet, weereens besoek - en as die mense hulle nie vinnig sal bekeer en boete doen nie, sal daar op dié besoek seker `n groot oordeel volg wat alle boos-doeners sal verdelg."

[6] Die weduwee sê: "Ja seker, ja seker, daarin sou julle wel heeltemal gelyk kon hê! Maar aangesien die oggendmaal vir die Grieke nou ook op baie wonder-baarlike wyse voorberei is, moet julle dit maar dadelik na die gastekamer bring en dit op die tafel sit, waar die Grieke sit; want so wil die groot, van alle goddelike geeskrag vervulde Profeet dit!"

[7] Na hierdie woorde van die weduwee word die op wonderbaarlike wyse bereide oggendmaal onmiddellik na die tafel van die Grieke gebring, en dadelik daarna begin Ons die goed bereide oggendmaal tot Ons te neem en was **heel vrolik** daarby.

[8] Die weduwee staan op die punt om vir die Grieke, wat hulle baie verbaas het oor die snelle bereiding van die oggendmaal wat Ek vir hulle bestel het, te vertel hoe dit voorberei was.

[9] Maar Ek sê aan haar: "Vrou, vir wat jy wil gaan sê sal daar nog voldoende tyd wees nadat Ek vertrek het; maar nou eet en drink Ons wat daar op die tafel gesit is!"

[10] Na hierdie vermaning van My swyg die weduwee en eet en drink met Ons saam.

[11] Na `n halfuur het Ons almal Ons oggendmaal genuttig; Ek staan op, saam met My leerlinge, en Ons maak Ons gereed vir die vertrek.

[12] Maar juis toe Ons by wyse van spreuke Ons voete in beweging wil sit, kom daar `n groot aantal mense uit die stad voor die deur van die herberg staan, wat wil verneem **of die uit die dood opgewekte seun van die weduwee nog leef**, en of die opwekking eg of miskien maar net skynbaar gewees het. Want die gerug gaan dat ook groot towenaars, wat dikwels uit die verre môrelande na Judea gekom het, al voorheen dooie mense lewend gemaak het; maar daardie lewe was maar van korte duur gewees, omdat dit maar `n skynlewe en geen egte lewe was nie, en daarom sou hulle nou graag dadelik wil verneem of die seun nog leef of dat hy die lewe weer begin te verloor, netsoos dit na alle wederopwekkings deur towenaars steeds onvermydelik die geval was.

[13] Toe vra die weduwee My wat sy die opdringerige vraestellers moes antwoord.

[14] Ek sê aan haar: "**Stuur jou seun na buite** na hulle toe! As hulle sal sien dat hy heeltemal gesond en wel is, sal hyself die beste antwoord op al hulle dom vrae wees. **Die rabbi van die dorp het hulle so bepraat, geërger soos hy was**, omdat die Grieke hom gister laat sien het dat hulle die profeet Jesaja beter begryp as hy as ou skrifgeleerde. Die rabbi het die vraestellers die dinge dus vertel oor die towenaars, wat hyself maar net van hoorsê ken, maar waarvan hy maar nooit een gesien het nie, sodat die mense nou twyfel; maar as hulle jou seun sal sien, sal hulle twyfel verdwyn.

[15] **Wees egter op jou hoede vir die rabbi en die fariseërs;** want om die geloof in hulle bewerings en hulle triomf by die volk in stand te hou, sal hulle, as hulle jou seun nog steeds gesond in die lewe sien, **hom wil doodmaak en sal probeer om hom op een of ander manier te vergiftig!** Nooi hulle daarom nie uit nie en laat julle ook nooit deur hulle uitnooi nie, en **neem ook geen ander dinge van hulle aan nie,** dan sal hulle julle niks kan doen nie! Neem dit in ag, dan sal Ek julle teen alle ander gevare beskerm! Gaan nou met jou seun na buite, sodat hulle daardeur die mees eenvoudige en beste antwoord op hulle vele vrae kan kry!"

[16] Hierop gaan die weduwee saam met haar seun na die vele vraers buite en sê aan hulle, terwyl sy na haar seun wys: "Kyk, twyfelaars, hierdie seun van my leef en is gesond en wel! Hy is dus deur die groot, van Elohim se Gees vervulde Profeet nie skynbaar nie, maar werklik uit die dood tot lewe gewek. Gaan sê dit ook aan die rabbi, wat julle so dwaas onderrig het!"

[17] Hierop sê ook die seun, wat deur almal soos `n wêreldwonder aangestaar word: "Ja, ja, ek leef en is heel opgewek, gesond en wel, en ek sal ook verder lewe, netsoos die Een wat my uit die dood tot lewe gewek het, my belowe het; en as ek **voortaan Sy wil sal doen en volledig sal uitvoer, sal ek ook bly lewe**

**en die dood nooit meer sien, voel of smaak nie.** Gaan dit ook maar aan die rabbi sê, sodat hy miskien ook gaan glo en salig word!"

[18] Toe die vraers die seun, wat hulle goed ken, so gesien en hoor spreek het, val elke twyfel by hulle weg, en sommige begin ontstemd te raak teenoor die rabbi, omdat hy hulle heeltemal verkeerd oor hierdie saak ingelig het.

[19] Toe die weduwee en haar seun weer die kamer binnekom, bedank hulle My vir die goeie raad en was baie bly dat hulle so vinnig en maklik van die vele lastige vraers ontslae was.

## Die tekens van die geestelike aanwesigheid van die Meester

**Hoofstuk 43** Daarop kom die Griek egter nog, wat al voorheen die woordvoerder was, na My toe en sê: "Majesteit, Majesteit, Elohim en Meester van ewigheid in U Gees! U verlaat ons nou wel in U sigbare persoonlikheid, maar ons vra U of U nie met U Gees van die hoogste Elohim, by ons wil bly nie, en of U ons nie af en toe `n teken wil gee waardeur ons seker daarvan kan wees dat U aan ons dink nie en so in die gees by ons sal wees."

[2] **Ek** sê: "Ja, en dit sal ook so wees tot aan die einde der tye van hierdie sigbare wêreld! Maar julle sal altyd nie net één teken nie, **maar verskeie tekens hê**, waaraan julle sal kan sien dat Ek in die gees by julle, te midde van julle en in julle aanwesig is! Die sekere en onbedrieglike tekens sal altyd en ewig die volgende wees:

[3] Die **eerste** is, dat julle **My meer sal liefhê as wat ook ter wêreld!** Want as iemand iets ter wêreld meer liefhet as vir My, is hy My nie werd nie; maar wie My werklik bo alles liefhet, **is deur die egte liefde in My, en Ek is in hom.**

[4] Die **tweede teken** van My teenwoordigheid by julle mog wees, dat julle uit liefde vir My julle naaste en medemense, jonk en oud, **netso sal liefhê as julleself**; want hoe kan iemand Elohim in My, wat hy nie kan sien nie, liefhê, as hy sy naaste wat hy kan sien, nie liefhet nie? Ook al sien en hoor julle My nou, tog sal julle My van nou af aan nie meer in hierdie wêreld sien nie! En as julle My nie meer sal sien nie, sal julle liefde dan bly netsoos dit nou is, terwyl julle My sien? Ja, by julle sal die liefde wel bly; maar sorg daarvoor dat sy ook op die manier by julle nakomelinge sal bly! Want as iemand My in sy hart waaragtig bo alles sal liefhê deur volgens My wil, wat aan hom geopenbaar is, te lewe en te handel, **sal Ekself persoonlik in die Gees na hom toe kom en sal Ek my as volkome teenswoordig aan hom openbaar.**

[5] `n **Derde teken** van My aanwesigheid by, in en te midde van julle sal ook wees, **dat julle altyd alles gegee sal word wat julle die Vader in My in My Naam en in alle erns voor sal vra.** Maar dit spreek vanself dat julle My nie oor dom en onbelangrike dinge van hierdie wêreld moet vra nie; want as julle dit sou doen, sou julle immers duidelik toon dat julle dergelike dinge meer liefhet as vir My, en dit sou dan egter geen teken wees van My aanwesigheid by, in en te midde van julle nie.

[6] Die **vierde teken** van My magtige aanwesigheid by, in en te midde van julle sal wees, dat dit met **liggaamlik siek mense beter sal gaan as julle hulle uit ware naasteliefde in My Naam die hande sal oplê**, indien dit hulle siel tot heil sal strek as hulle beter word.

[7] Maar dit spreek vanself dat julle daarby altyd in julle hart sal sê: **Meester, nie my wil nie, maar alleen U wil geskied!** Want julle kan nie weet of en wanneer dit `n siel tot heil strek as haar liggaam beter word, en `n ewige lewe op hierdie aarde is geen mens beskore nie! Daarom kan die oplê van die hande ook nie altyd en elke mens van sy liggaamlike kwale bevry nie. Maar tog sal julle geen sonde begaan as julle elke sieke die liefdediens wat deur julle aangegewe is, bewys nie; Ek sal wel die Helper wees, as dit nuttig sal wees vir die sieleheil van die mens - **en dit kan alleen Ek weet**.

[8] As julle van verre gehoor het dat die een of ander vriend van julle siek in die bed lê, bid dan vir hom en lê **hom in die gees die hande op**; dan sal dit ook beter met hom gaan!

[9] Die gebed, wat julle slegs in julle harte moet uitspreek, moet daarby bestaan uit die volgende paar woorde: **"Mag JaHshua, die Meester, jou help! Hy versterk jou, Hy genees jou deur Sy barmhartigheid, liefde en erbarming!"** As julle dit vol vertroue en geloof in My, oor `n siek vriend - of vriendin - uitspreek, hoevêr die ook van julle verwyder is, en daarby in die gees julle hande bo hom sal hou, sal dit van staan af aan beter met hom gaan, as dit nuttig sal wees vir sy sieleheil.

[10] Nog `n **vyfde teken** van My teenwoordigheid by, in en te midde van julle sal wees dat julle, as julle altyd My wil doen, **in julleself die wedergeboorte van die gees sal bereik**. Dit sal `n egte lewensdoop wees, omdat julle daarby van My gees vervul en daardeur in alle wysheid binnegelei sal word.

[11] Laat elkeen van julle veral na die vyfde teken strewe! Want diegene aan wie die teken gegee sal word, sal reeds in hierdie wêreld die ewige lewe hê en kan doen en tot stand kan bring **wat Ek nou doen en tot stand bring;** want dan sal hy één met My wees.

[12] Nou het Ek julle die tekens van My teenwoordigheid getoon; handel daarvolgens, dan sal julle baie binnekort My gees by, in en te midde van julle waaragtig gewaarword!"